Ontmoeting 3

Uit die vis se bek

Kinders leer dat Jesus diere ook gebruik om mense te verras

Teks: Matteus 17:24–27
Hulpmiddels:

- Vissies uit karton geknip, elkeen met ŉ skuifspeld in die mond
- Skuifspelde
- ŉ Stok wat as visstok gebruik kan word met ŉ tou en magneet wat dien as visvanghoek aan die onderpunt
- ŉ Paar muntstukke
- Kopieë van die werksvel
- Inkleurkryte
- Vissies op karton gekopieer
- Kopieë van 6 vissies vir elke kind op papier gefotostateer
- Krammasjien
- Versierings vir die vis (plakkers, inkleurkryte ens.)
- Opsioneel: Wikkelogies (1 per kind)
- Skêre

Welkom

Visvang:: Kopieer ŉ klomp verskillende vissies op karton, knip hulle uit en sit ŉ skuifspeld in elke vissie se mond. (Een van die vissies moet ŉ prent van ŉ goue muntstuk aan die agterkant vasgeplak hê.) Maak twee visstokke met stokke en tou en maak magnete aan die voorpunt van die toue vas. Gee die kinders kans om "vis te vang". Die kind wat die vissie met die goue muntstuk vang, word beloon met ŉ lekker. Die speletjie kan ŉ paar keer gespeel word.
Soek die muntstuk: Steek ŉ paar muntstukke weg in die vertrek. Vra vir kinders om dit te gaan soek.

Wyding

Stilword-ritueel: Sê die volgende vers saam of herhaal agter die leier: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

Wie van julle hou van visvang? *(Laat die kinders reageer.)* Wat kort ŉ mens alles vir visvang? *(Laat die kinders reageer.)* Kan ŉ mens kies watter vis jy wil vang? ŉ Groot geelstert of miskien ŉ haai? *(Die kinders reageer en sê nee.)*
Kom ons speel ŉ vinnige waar en onwaar speletjie. Indien jy dink die stelling is waar, steek jou duime op. Indien jy dink die stelling is onwaar, hou jou duime af.
ŉ Goudvis kan ŉ luislang eet. (Onwaar)
ŉ Seeperdjie hou van sjokolade. (Onwaar)
ŉ Mens kry wit walvisse. (Waar)

ħ Seekat kan deur ħ strooitjie drink. (Onwaar)
ħ Dolfyn het vyf vinne. (Onwaar)
Wie van julle sal my glo as ek sê ek ken ħ Bybelstorie waar ħ vis ħ silwer muntstuk in sy bek gehad het. *(Die kinders reageer.)*
Vroeër jare moes Joodse mans namens hul families tempelbelasting betaal. Hierdie geld is gebruik om die tempel in stand te hou, om daaglikse offers, hout, meel en wierook te koop.
Op ħ dag het Jesus en Petrus na die dorpie Kapernaum gegaan. Die mense wat die tempel-belasting kollekteer, kom toe na Petrus toe en vra vir hom: "Betaal julle meneer tempel-belasting of nie?" Petrus sê toe: "Ja, Hy betaal."
Toe Petrus in die huis inkom, het Jesus met Petrus gepraat voordat Petrus kon praat. Jesus het vir hom gesê: "Simon, wat dink jy? Wie moet vir die konings op die aarde tol en belasting betaal? Moet hulle kinders belasting betaal, of moet die ander mense die belasting betaal?"
Petrus het gesê: "Die ander mense moet belasting betaal." Toe sê Jesus: "Dan is die konings se kinders vry, dan moet hulle nie belasting betaal nie.
Maar ons wil nie hierdie mense wat die belasting kollekteer, kwaad maak nie. Gaan see toe, en vang die eerste vis wat byt. As jy sy bek oopmaak, dan sal jy ' n silwer geldstuk in sy bek kry. Dit is genoeg om ons albei se belasting te betaal, neem dit en betaal ons tempelbelasting."
Petrus was gehoorsaam aan Jesus en het dadelik na die see gegaan en sy hoek gaan ingooi. Die eerste vis wat hy gevang het, het (net soos Jesus gesê het) ħ silwermuntstuk in sy bek gehad, net genoeg vir die tempelbelasting!

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder van watter deel van die storie het jy die meeste gehou.
2. Ek wonder wat sou jy doen as jy gaan visvang en die eerste vis wat jy uittrek, het ħ silwermuntstuk in sy bek.
3. Ek wonder wat Petrus gedink het toe hy die vis met die silwermuntstuk uit die water getrek het.
4. Ek wonder hoe sou jy gevoel het as Jesus iets so vreemds van jou gevra het.

Werskaf

- Gee vir elke kind ħ prentjie van Petrus wat visvang. Hulle moet ħ pen of potlood gebruik en die vislyn van die visstok af volg om uit te kom by die vissie wat die muntstuk in sy bek gehad het.
- Stel die visvangspeletjie (by Welkom) weer op en laat ħ leier die kinders help om weer die visvangspeletjie te speel. Speel totdat elke kind ħ beurt gehad het of sodat die tyd op is.
- Gee vir elke kind ħ papier met die 7 vissies op gefotostateer. (Een is die voorblad en die ander 6 het prente van die verhaal op.) Kopieer ook die teksgedeeltes vir elke kind. Gee vir elke kind kans om die voorkant van sy vissie te versier met "stickers" en enige "craft"-goedjies wat jy het om te gebruik vir die vissie. Indien moontlik kan jy vir elke kind ook ħ wikkelogie gee om op die vissie se gesiggie te plak. Hulle kan nou die prente inkleur, uitknip en die sterte van die vissies aanmekaar vaskram sodat die vissie prentjies ħ storieboekie vorm. Laat die kinders die teksgedeeltes plak op die linkerkant se bladsy van elke vis. Indien jy vissie "stickers" kan kry, kan jy vir elke kind ħ paar gee om op die bladsy te plak waar Petrus die vis gaan vang.

Sluit af met die seënbede



Volg die vislyn om uit te vind watter vis Petrus gevang het.







Kopieer hierdie bladsy op papier sodat die kinders die prentjie (vir die agterblad) en storie se teks (vir elke vissie) kan uitknip en op die regte plekke plak.

1.

Alle Joodse mans moes elke jaar geld vir die tempel in Jerusalem betaal. Spesiale werkers van die tempel het daardie geld oral gaan insamel. Toe hulle by Petrus in Kapernaum kom, vra hulle hom: "Betaal jou leermeester ook hierdie geld aan die tempel?" "Ja!" antwoord Petrus. Toe Petrus hierna in die huis kom, vra Jesus hom: "Simon, sê my, van wie kry 'n koning sy geld? Van sy kinders, of van die ander mense wat in die sy land woon?" "Van die ander mense in sy land," antwoord Petrus. "'n Koning se eie kinders betaal tog nie geld aan hulle pa nie."

2.

"Ja, jy's reg," sê Jesus. "Dan is dit ook mos waar van My. Ek is God se Seun. Daarom hoef ek nie geld aan die tempel te betaal waar die mense my Vader aanbid nie. Maar wat, netnou sê die mense lelike dinge oor My. Daarom sal Ek dit maar betaal. Petrus, gaan gou-gou see toe met jou visstok.

3.

In die eerste vis wat jy vang, se bek sal daar genoeg geld wees om ons altwee se geld vir die tempel te betaal. Vat dit na die mense toe."

4.

Petrus het Jesus gehoorsaam.

5.

Hy het die eerste vis wat hy gevang het,

se bek oopgemaak.

6.

Daar was die geld wat hy nodig gehad

het om die belasting te betaal!

Voorblad van die vissie-boekie